



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**FEBRUARIE/MAART 2015**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae, word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING <u>en</u> 1 punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

| **VRAAG 1** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | "bekroon" √ | 1 |
| 1.2.1 | Mense was verstom/verbaas/ontsteld/het daaroor vrae gevra/het nie noodwendig saamgestem nie/het dit vreemd gevind. √<br><br>*Die antwoord kan nie dui op "groot oë" nie – dit moet iets suggereer van die figuurlike betekenis/wat bedoel word./konnotasie.* | 1 |
| 1.2.2 | Ja<br>Dis duidelik dat die prys toegeken is sonder om die reëls van die Akademie toe te pas/dat die bekroonde dramaturg se werk nie in die voorafgaande drie jaar gepubliseer is nie/die toekenning nie volgens die reëls se bepalings gedoen is nie. √<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Die dramaturg het baie jare gelede reeds die toekenning verdien en die Akademie het nou bloot al sy werk vir die toekenning in ag geneem/die Akademie het seker soveel druk van buite ervaar dat dit goed en reg is dat hulle nou die toekenning gemaak het. √<br><br>*Net die motivering verdien punte by oop vrae.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.3 | Apartheidsjare/Verdrukking/Verdrukking van apartheid √ | 1 |
| 1.4 | In plaas daarvan dat Adam Small nooit bekroon is nie (en veel *later* as wat dit eintlik moes gebeur het), √ het hy darem nou die erkenning gekry wat hy verdien het √<br>**OF**<br>Die (Suid-Afrikaanse) Akademie (vir Wetenskap en Kuns) moes lankal die Hertzogprys aan Small toegeken het √, maar het dit uiteindelik gedoen. √<br><br>*Die antwoord moet bewys lewer dat die leerder die idioom betrek het.* | 2 |
| 1.5 | Die opvallende kort paragraaf beklemtoon die belangrike inhoud. √ | 1 |
| 1.6 | *oeuvre/drama-oeuvre* √ | 1 |
| 1.7 | Dit was 'n belediging./<br>Hulle doen hom 'n onreg aan./<br>Hy het die Hertzogprys verdien./<br>'n Medalje kan dinge nie regstel nie./<br>Hy moet kry wat hy verdien. √√<br><br>*Kandidaat gee enige TWEE antwoorde*. | 2 |
| 1.8 | 2009 √ | 1 |
| 1.9 | *Die Tydskrif vir Letterkunde* se 2012-uitgawe is gewy aan die nalatenskap van sy werk./<br>'n Bundel, *Kô laat ons sing,* met sy gedigte (wat strek van 1957 tot 1986) het in 2012 die lig gesien./<br>Mense bly hom bespreek as gevolg van die Hertzogprystoekenning./<br>Daar het 'n nuwe digbundel verskyn./Klawerjas het op 14 September 2014 verskyn. √√√<br><br>*Kandidaat noem enige DRIE argumente.* | 3 |
| 1.10 | *glo/behoort* √ | 1 |
| 1.11 | Parentese/aandagstrepe √ | 1 |
| 1.12 | "beskuldigings"/"vrae" √ | 1 |
| 1.13 | Albei fokus op die kwaliteit van Small se skryfwerk./<br>Albei wil aandui dat Small se werk hoog aangeslaan word./<br>*Sharpville* en *apartheid* dui op die politieke stryd/agtergrond./<br>Albei verwys na die universele/internasionale inslag van Small se werk. √ | 1 |
| 1.14 | Adam Small se antwoord was stilte/stilswye √ soos hy die afgelope 16 jaar nie in die openbaar gepraat het nie./in stilte gewoon/geleef het./hom aan die buitewêreld onttrek het./glad nie iets van hom laat hoor het nie./niks geskryf het nie. √ | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.15 | Dis woordspeling op *Kanna hy kô hystoe* √ en die Hertzogprys kom uiteindelik tuis by Small. √/<br><br>**OF**<br><br>Adam Small is bekend vir sy gebruik van Kaapse Afrikaans √ dit is direkte woorde uit sy drama, *Kanna hy kô hystoe* √ /<br><br>**OF**<br><br>Dit is woorde uit Small se drama/verwys na die drama/die ingeligte leser weet dus dadelik dat die teks oor Small/*Kanna hy kô hystoe* handel √ soos wat die Hertzogprys uiteindelik aan Small toegeken is. √ | 2 |
| 1.16 | Drama √<br>Toneel √ | 2 |
| 1.17 | Die diep gesprek √ | 1 |
| 1.18 | Daar was groot drama na aanleiding van die toekenning van die Hertzogprys/oor Adam Small dit so laat ontvang het./<br>Adam Small se oeuvre/letterkundige werke sluit ook dramas in./<br>In 2012 is die Hertzogprys vir drama toegeken. √ | 1 |
| 1.19 | Afrikaanssprekende mans is vurige rugby-ondersteuners./openbaar hulle lojaliteit op die verkeerde plek./woon kunstefeeste om die verkeerde redes by./stel nie in kuns en kultuur belang nie./het nie ’n idee watter klere by kultuurfeeste pas nie./stel net in drink en eet belang./beskou “kuns en kultuur” as eet en drink eerder as ballet/opera/drama./is altyd oorgewig. √√√√<br><br>*Enige VIER antwoorde is korrek.* | 4 |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

***'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:***

Plante stel noodsaaklike suurstof deur fotosintese vry. Dooie plante vorm 'n vrugbare bolaag vir landboudoeleindes. Plante, soos byvoorbeeld, graan, groente en vrugte bevat stowwe wat noodsaaklik vir ons gesondheid is. Vesel, wat in koring voorkom, verbeter jou energievlakke terwyl ander plante, soos die bas van die kinaboom, oor medisinale eienskappe beskik wat malaria kan beveg. By elke volk is daar kruie wat tradisioneel as insekweerders gebruik word terwyl basiliekruid verseker dat mummies na jare nog lekker ruik.

**Getal woorde: 77**

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *Beslis nie, want nie net stel plante suurstof vry deur fotosintese nie ...* | A | Plante stel suurstof deur fotosintese vry. |
| 2 | *... vorm ook in hul dooie vorm 'n vrugbare bolaag vir landboudoeleindes.* | B | In plante se dooie vorm word 'n vrugbare bolaag vir landboudoeleindes gevorm. |
| 3 | *Plante beteken baie vir die mens, aangesien graan, groente en vrugte stowwe bevat wat noodsaaklik is vir ons gesondheid.* | C | Plante, soos byvoorbeeld graan, groente en vrugte bevat stowwe wat noodsaaklik vir ons gesondheid is. |
| 4 | *Stysel in koring gee jou energievlak 'n hupstoot.* | D | Stysel in koring verbeter jou energievlak. |
| 5 | *Mense regoor die wêreld het al baie eeue gelede agtergekom dat sekere plante medisinale gebruike het.* | E | Plante, soos die bas van die kinaboom, beskik oor medisinale gebruike. |
| 6 | *Maar in elke land en by elke volk is daar ook kruie wat tradisioneel gebruik word as insekweerders.* | F | Elke volk het kruie wat tradisioneel as insekweerders gebruik word. |
| 7 | *Basiliekruid was een van antieke Egipte se gunstelingkruie: oorblyfsels van basiliekruid is by mummies gevind en na al die jare het hulle nog lekker geruik.* | G | Basiliekruid verseker dat 'n mens lekker ruik. |
| | | | **Getal woorde: 67** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | dramaturg √ | 1 |
| 3.2 | Die foto's wat in wolke geplaas is, pas by die woord "hemels"./<br>Die plasing is opvallend/trek aandag./<br>Dit lyk soos wolke wat by die hemel pas. √ | 1 |
| 3.3.1 | Denotasie: Die woord verwys na die lug/hemel. √<br><br>Konnotasie: Die woord verwys na 'n **genotvolle/lekker/vrolike/interessante** Woordfees. √<br><br>*Alternatiewe wat binne konteks aangebied word, kan ook oorweeg word.* | 2 |
| 3.3.2 | Die woord laat dit klink of die Woordfees iets is om na uit te sien./hoe dit sal wees om in die hemel te wees./<br>Manipuleer die leser oor die genot wat in die woord/Woordfees opgesluit is. √ | 1 |
| 3.4 | univ./Univ. √ | 1 |
| 3.5 | Die advertensie maak van woorde gebruik./<br>Woorde word op die advertensie gebruik om die verskillende vertonings mee te adverteer. √ | 1 |
| 3.6 | Dit gaan lekker/goed wees. √ | 1 |
| 3.7 | Dit sou hemel op aarde wees./gewees het. √ | 1 |
| 3.8 | Palatalisasie √ | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4: VISUELE TEKS

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | kuier √ | 1 |
| 4.2 | Hy hou niks van die mense nie./<br>Hy kuier nie graag saam met hulle nie./<br>Hy wil hulle nie so baie sien nie. √ | 1 |
| 4.3 | Daar moet môre (deur my) gewerk word.<br>Daar moet môre gewerk word deur my. √ | 1 |
| 4.4 | maar √ | 1 |
| 4.5 | Die vrou sê dat hulle dan nog iets kan kry om te eet./Die vrou sê hulle kan dan nog iets kry om te eet. √ | 1 |
| 4.6 | Hulle lyftaal dui aan dat hulle ontspanne is./<br>Hulle is vriendelik en geselserig./<br>Hulle geniet nog verversings.<br>Hulle wil nog nie huis toe gaan nie.<br>Hulle wou nog sing. √ | 1 |
| 4.7 | ... nog iets drink of eet/drink/eet/ nie./<br>... meer wakker bly nie./<br>... langer kuier nie. √ | 1 |
| 4.8 | Sarkasme √ | 1 |
| 4.9 | wanneer julle loop √ | 1 |
| 4.10 | slot/sleutel √ | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5: ARTIKEL

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Die aanhalingstekens bevestig dat die woorde uit Engels aangehaal word./<br>Dit is iemand se direkte woorde. √ | 1 |
| 5.2 | koer/gesis √ | 1 |
| 5.3 | albumpie √ | 1 |
| 5.4 | Suid-Afrika √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.5 | Kyk, ek hou mos nóg van motorry, nóg van treinry!/<br>Kyk, ek hou mos nie van motorry of van treinry nie! √ | 1 |
| 5.6 | Die (kleinste bietjie) gewikkel √ | 1 |
| 5.7 | Hy gebruik 'n (teenwoordige) deelwoord/*malende* en/of meervoud/*massas* om dit aan te dui./<br>Hy gebruik alliterasie/herhaling van klanke om sy woordkeuse uit te hef – **m**alende **m**assas. √ | 1 |
| 5.8 | Ek **klim** van die trein **af**. √<br><br>**OF**<br><br>Ek **skud** die grond van my skoene **af**. √ | 1 |
| 5.9 | Lekkerte/plesierigheid/vreugde/genot √ | 1 |
| 5.10 | hierdie/daardie/dié √ | 1 |
| | | **[10]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |